# 3000 keer 'groot asseblief'

## Teer die D20 en kry klaar!



**Burgemeester Mike Masina neem die meer as 3000 handtekeninge op die petisie om die Olifants River Lodge pad geteer te kry, by lodge eienaar, mnr. Pierre Viviers, in ontvangs Donderdag tydens die Kamer van Koophandel banket by die lodge. Die banket se tema was "Hippie pret" en derhalwe is mnr. Viviers so kleurvol getof.**

**Gerhard Rheeder**

Meer as 3000 handtekeninge is versamel in die veldtog om die Presidentsruspad geteer te kry.

Hoewel Presidentsrus onder die sorg van die munisipaliteit is, is dié pad, provinsiale verantwoordelikheid.

Tydens die Kamer van Koophandel en Industrie se banket Donderdag het mnr. Pierre Viviers, mede-eienaar van Olifants River Lodge, 'n reuse pak petisielyste aan die dorp se burgemeester, mnr. Mike Masina, oorhandig.

Burgemeester Masina, bekend vir sy joviale geaardheid, het die meer as 3000 versoeke om die provinsiale grondpad te teer, met 'n breë glimlag en beloftes van 'n samewerkingspakt met die nasionale paaie agentskap, provinsiale paaie departement, Presidentsrus rolspelers en die munisipaliteit, aanvaar.

Wescoal stel voor dat die pad, D20, westelik rondom die Elandspruit en Yoctolux mynoperasies geskuif moet word.

Wescoal is bereid om die hele pad, tot by Presidentsrus, te teer maar benodig nagenoeg R11 miljoen om dit te doen.

Sou die pad wes, om die Elandspruit geskuif word, sal gewone padgebruikers verder ook nie meer die pad met myntrokke hoef te deel nie. Die pad is egter 'n nasionale roete en moet eers aan die munisipaliteit oorhandig word, voor die munisipaliteit die beursie kan oopmaak.

Burgemeester Masina het onderneem om druk op die relevante rolspelers te plaas, en die pad as munisipale pad geproklameer te kry.

"Ek het volle vertroue in ons burgemeester dat hy alles in sy vermoë sal doen om ons te help om die onteieningsproses te bespoedig," het mnr. Viviers Woensdag gesê.

Dieselfde petisies sal volgende week aan mnr. Ben Viljoen van die provinsiale paaie departement se Middelburg kantore oorhandig word.

## Suspects connected with robbery

The three men that were arrested in connection with a robbery in Hendrina two weeks ago, have also been connected with a robbery in Aerorand where a couple was held at gunpoint in their house.

In mid February, the **Middelburg Observer** reported about how Johnny Kruger was overpowered by robbers whilst fixing a pipe at a house in Pongola Street.

He was taken to his house, where he and his wife Lynn were held at gunpoint and robbed of their belongings. They were unharmed.

Two weeks later, towards the end of February, a business in Hendrina was robbed. Unlucky for the robbers though as two policemen happened to walk into the business as they walked out. One and shortly thereafter another two suspects were arrested. They were all Mhluzi residents.

Their pictures appeared in the Friday edition of the **Middelburg Observer** on 26 February. The Kruger couple instantly recognised Mandlenkosi Albert Sibeko from his picture.

Capt. Khanyisile Zwane has confirmed that all three suspects, Sibeko, Xolani Khumalo (25) and Skhumbuzo Nkosi (24), have been charged with robbery and kidnapping relating to the incident in Aerorand.

They have already appeared in the Middelburg court and remain in custody until their next appearance.

**ENVIRONMENTAL IMAPCT ASSESSMENT FOR THE INSTALLATION OF A SOLAR PHOTOVOLTATIC POWER PLANT AT ESKOM'S ARNOT POWER STATION ENVIRONMENTAL AUTHORISATION, MPUMALANGA PROVINCE**

**DEA REFERENCE: 14/12/16/3/3/2/760**

**NOTIFICATION OF ENVIRONMENTAL AUTHORISATION**

You are hereby informed that the Department of Environmental Affairs (DEA) has issued an environmental authorisation for the above-mentioned project on 08 March 2016.

Should you require a copy of the environmental authorisation and reasons for the decision, please contact: Joseph Masilela: Tel: 012 685 0900. Fax: 012 665 1886. Email: joseph.m@iliso.com. Post: PO Box 68735, Highveld Park, 0169.

Any party wishing to appeal the decision must, inter alia, lodge a notice of intention to appeal with the Minister, within 20 days of the date of the environmental authorisation, by:

- Post: Private Bag X447, Pretoria, 0001; or
- By hand: Environmental House, 473 Steve Biko Street, Arcadia, Pretoria.

Appeals must be submitted in writing to Mr Z Hassam, Director: Appeals and Legal Review at the above-mentioned contact details, by tel: 012 399 9356, or by email: AppealsDirectorate@environment.gov.za.

The appeals procedure in terms of Chapter 7 of the EIA Regulations, 2010 as per GN R.543 of 2010 to be followed by the applicant and Interested and Affected Parties (I&APs) upon receipt of notification of an environmental authorisation can be obtained from Joseph Masilela at the contact details above.

ILISO

Eskom



**Die deure van die voorheen gegoede kwartiere.**



**Die dorp se swembad het lank reeds verval.**

# Pullens Hope(loos)

## 'Alles wat eens mooi en bruikbaar was, word afgebreek en verwoes'

**Annie van Zyl**

Pullenshope, wat eens op 'n tyd 'n spogdorpie was, is vir die afgelope paar jaar besig om te verval.

Rommel, slaggate, vervalle geboue, onwettige besighede en behuising, en wilde partytjies wat tot vroeë oggendure aanhou, is van die klagtes wat deur die gemeenskap geopper is.

Talle inwoners is ook besig om planne te maak om die dorp te verlaat en eerder na Hendrina te verhuis.

Mnr. Ben en mev. Marie Smit, wat al 23 jaar in Pullenshope woon, vertel dat een van die inwoners sommer self inspring om die dorp in stand te hou.

"Mnr. Kobie le Roux is 'n pensionaris wat met 'n plastieksak loop en gemors optel. Hy sny sommer ook nou en dan die gras en doen só die munisipaliteit se werk vir hulle."

Hulle vertel ook van 'n huis oorkant hulle waarin 17 mense woon. "Daar is net een bad en een toilet".

"Ons het darem skoon water wat ons van die kragstasie af kry."

Volgens me. Daleen Buchling, wat haar lewe lank in Pullenshope bly, is dinge besig om hand uit te ruk in die dorp.

"Alles wat eens mooi en bruikbaar was, word afgebreek en verwoes. Niks van die infrastruktuur, wat altyd vir ontspanning gebruik is, kan meer gebruik word nie, omdat alles gesteel en verniel is."

Indien daar nie gou ingegryp word nie, sal daar van die dorp net 'n hopie rommel oorbly.

Ten spyte van weke se oproepe en e-posse, het Steve Tshwete Munisipaliteit nog geen kommentaar gelewer nie.



**Die ou klubsaal wat nou 'n gevaarlike sheheen geword het.**



**Die bushalte waar kinders moet wag vir die bus om hulle skool toe te vat.**



**Nóg gemors wat bloot net nie verwyder word nie.**



**Hierdie gemors lê by die skool.**

## Reën, stakings redes vir puntdiens chaos

**Gerhard Rheeder**

'n "Orgie" - dis hoe 'n ouer die verkeer van en na Hoërskool Middelburg beskryf, wanneer daar nie verkeersmanne op puntdiens is nie.

Puntdienste maak die lewe baie makliker vir almal, maar in besonder vir honderde ouers wat daagliks hande in die hare sit by verkeersopeenhopings.

Die vrou wat kla, sê dis bykans onmoontlik om uit Hoërskool Middelburg se skoolgronde, links of regs in John Magagulastraat te draai, in die afwesigheid van 'n verkeersman op puntdiens.

Daar was verlede week twee maal nie puntdienste op dié hoofroete nie, en dit sluit die verkeersirkel hoër op in die straat by Middelburg Primary (Kogelstraat-sirkel), in.

"Die chaos wat by dié verkeersirkel heers is nag," sê die ouer wat anoniem wil bly uit vrees vir viktimisasie van verkeersmanne.

Sy het al verskeie kere by die skoolkantoor gekla, maar besef dat die skool eintlik niks daaraan kan doen, as om die klagtes aan te stuur na die verkeersdepartement nie.

Die Kogelstraat-sirkel word deur ouers van HTS, Middelburg Hoër en Primary gebruik, omdat dié skole so na aan mekaar geleë is.

Me. Prudence Magutle, kommunikasiehoof van die munisipaliteit, sê dié roete is hul hoofprioriteit en dat daar enkele faktore is wat veroorsaak dat daar soms nie puntdienste is nie, soos swaar reën, stakings waarin beamptes gedwing word om deel te neem of alternatiewelik geviktimiseer word, siekte en vroeggoggend botsings waar bystand verleen moet word.

"Puntdiens is beslis nie 'n guns wat ons verrig nie, dit is die munisipaliteit se verantwoordelikheid om die vryvloei van verkeer te verseker, en puntdienste is een van die maniere om dit te verseker," sê me. Magutle. Volgens haar is die twee punte wat die klaer noem, 'n "verkeersprioriteit".

"Maar om te wys dat ons toegewyd is, kan motoriste waar puntdienste nié in John Magagulastraat verrig word as dit nie reën, of daar nie stakings is nie, senior superintendent Sammy Niyambu op sy selfoon, by 082 385 0070 bel," nooi me. Magutle en las by dat "hy beslis iets aan die probleem sal doen".

Met terugvoer aan die ouer het sy gesê "dis werklik indrukwekkend dat die superintendent bereid is om sy nommer openbaar te maak, en klagtes sal aanhoor en werk daarvan maak, dankie!".